

22 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 29
HK, Vraag 81

Hoe lyk die nagmaalsganger?

Dit is nie net belangrik om te vra wat die betekenis van die nagmaal is nie, maar ook om te vra: Hoe lyk die ware nagmaalsganger? 1 Korintiërs 11:27-28 beklemtoon dat jy nagmaal net op 'n gepaste manier kan vier as jy jou vooraf reg ondersoek het. Jy moet naamlik besef dat jy by die viering van die nagmaal te doen het met die liggaam en bloed van die Here. Dan word drie vrae belangrik:

Waarom is die liggaam en bloed van die Here vir my noodsaaklik? Die antwoord is duidelik: vanweë my sonde waaroor ek 'n afkeer oor myself het.

Wat het die liggaam en bloed van die Here vir my teweeg gebring? Die antwoord is: Vergewing om Christus ontwil. My swakhede en sonde is heeltemal met Christus se lyding bedek.

Watter effek sal dit in my hê as ek werklik die boodskap van die liggaam en bloed gelowig verstaan het? Die antwoord is: Ek begeer al hoe meer om my geloof te versterk en my lewe te verbeter.

Wie nie oor dié drie punte opregte selfondersoek gedoen het nie, en tog nagmaal gebruik het, is 'n huigelaar. Jy het uit gewoonte brood en wyn gebruik sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is. Wie egter met geloof en selfondersoek nagmaal gebruik beleef die grootste denkbare vertroosting en sekerheid – en dit sal gemeet kan word aan die begeerte om nagmaal te vier en aan die uitwerking wat nagmaalsviering op jou het.

Sing: Skrifberyming 5-3:3

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~